

DIE GESKIEDENISHANDBOEK – 'N ONMISBARE ERGERNIS?

Prof. G.J. Thirion
Vista Universiteit
Bloemfontein

1. INLEIDING

Onderwysers en opvoeders is dit eens dat die handboek 'n baie noodsaaklike hulpmiddel in die onderrigsituasie is. Dit is ook eweneens waar dat baie onderwysers en opvoeders, veral senior personeel, die handboek as 'n "ergernis" beskou en daarom hulle kollegas versoek en opdrag gee om lesse aan te bied met die handboek diep in die tasse weggebêre. Die verkeerde gebruik van die handboek in die verlede het 'n soort 'psigose' by die teenswoordige onderwysers- en opvoederskorps laat ontwikkel om die gebruik van die handboek in die lessituasie as didakties-onverantwoordelik te beskou. Hierdeur is en word daar ge-

weldig baie skade berokken aan die gebruik van een van die beste en geskikste, altyd-byderhand-hulpmiddels. Dit is derhalwe nodig om weer eens 'n wyle oor die handboek in die onderrig-leersituasie te besin.

2. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N HANDBOEK IN DIE ONDERRIG-LEERSITUASIE

Wanneer daar oor die noodsaaklikheid van die handboek besin word, moet dit baie pertinent gestel word dat dit nooit die onderwyser kan of mag vervang nie en dat dit altyd 'n hulpmiddel en instrument tot suksesvolle onderrig en leer sal bly. Die belangrikheid van die handboek mag nooit

ontken word nie, want:

"History textbooks are often more important than even the teacher in fostering a historical awareness or conveying a particular perspective of what history is to the child". (Kapp 1987:1)

Hierdie belangrikheid is egter nie net beperk tot die skepping van 'n historiese atmosfeer nie, maar geld ook vir die onderrig-leerproses. So is dit, volgens Du Toit (in Van der Merwe 1982:53), naas mondelinge kommunikasie, die belangrikste kommunikasiemiddel in die onderwys. Ook is dit die fokuspunt van inligting vir die onderwyser (Assan 1986:18) aanvullend en komplementêrend tot die onderwyser se werk (Mwamwenda en Mwamwenda 1987: 228), asook die bron van gesistematiseerde en goedbeplande take wat tot sinvolle benutting van tyd en arbeid aanleiding gee (vgl. Prais 1986:130).

Die belangrikheid van die handboek is nie weg te redeneer nie, maar die kwessie van die regte gebruik daarvan is wel debatteerbaar. Die korrekte aanwending van die handboek in die onderrig-leersituasie het, in navorsingsprojekte oor die wêreld heen, getoon dat die handboek se waarde nooit onderskat moet nie. So het die Japanese handboek-gesentreerde-opvoeding beter resultate as die Amerikaanse leerling-gesentreerde-opvoeding gelever (Prais 1986: 130), terwyl Jameson (in Mwamwenda en Mwamwenda 1987: 227) die effektiwiteit van die handboek in skole in Nicaragua onomwonde bewys het.

Psigologies beskou, vervul die handboek 'n baie belangrike rol in die onderrig-leerproses. So poog elke onderwyser om soveel moontlik al die sintuie van die leerlinge by sy lesaanbieding te betrek. Die visuele persepsie van die leerlinge is sekerlik een van die belangrikste aspekte wat die onderwyser in sy les wil betrek. Die leerlinge moet en wil sien; daarom dat visuele persepsie meer effektiewe gevolge as auditiewe persepsie het. Deur visuele persepsie neem hulle waar, word bewus van die globaliteit van die voorstelling, analiseer, klassifiseer, interpreteer en gaan tot beeldvorming oor (vgl. Dreyer en Duminy 1983: 104 – 106). Dit is veral die auditief-swak leerlinge wat beter onthou wanneer hulle visueel waarneem. Indien die onderwyser sy les op die auditiewe vlak sou aanbied, sal die visueel-sterk leerlinge dit moeilik vind om die nodige feite te absorbeer. Hierdie leemte kan oorbrug word deur 'n goeie handboek waarin skrywers kleur, lettertipes, prente en illustrasies ten volle aanwend.

Deur visuele persepsie word die waargenome beelde, kleure en vorme in die brein vasgelê. Wanneer feitlikhede opgeroep word, roep die leerling weer die beelde wat hy waargeneem het op en dit stel hom in staat om te onthou. Travers (1982:79) verbind daarom die begrippe "perception" en "memory" ten nouste. Die leerling in die geskiedenisklas wil nie net die inhoud hoor nie maar ook sien. Nie alleen is visuele hulpmiddels daarom noodsaaklik vir die lessituasie nie, maar ook die gebruik van die handboek. Die geskrewe inhoud bied die leerlinge die geleentheid om vetgedrukte en gekursiveerde woorde, onderstrepings, diagramme, tabelle ens. waar te neem waarmee hulle dan deur assosiasie die feite kan orden en oproep (vgl. Van der Merwe 1982: 53).

Die feit dat die onderwyser die handboek gedurende die lesperiode in sy tas wegbêre, getuig wel van sy goeie voorbereiding, maar dit

het ook 'n adverse effek op beide die onderrig-poging en die leerlinge. So merk Prais (1986: 130) in hierdie verband op:

"... the teacher often prides himself on not using textbooks, and relies on much individuality – and laboriously – produced duplicated sets of problems and other teaching material", waardeur die sin, samehang en eenheid van die les verbreek word. Ook word die plek van die handboek misken en onnodig geag en word leerlinge met 'n diverse hoeveelheid onsamehangende aantal probleme gekonfronteer.

Die noodsaaklikheid van die handboek in akademiese prestasie in ontwikkelende samelewings is duidelik bewys in Husen se navorsing in skole in Botswana (in Mwamwenda en Mwamwenda 1987: 231). Hier het hulle gevind dat die geskrewe woord (handboeke) direk daarvoor verantwoordelik is dat leerlinge beter op skool presteer.

3. DIE POSISIE IN SWART SKOLE

Wanneer vergelykings getref word, is dit nodig om alle veranderlikes in berekening te bring. So sal die onderwyser-leerling-verhouding, aantal leerlinge per klas, beligting, beskikbaarheid van hulpmiddels en boeke, alles 'n invloed hê op die sukseskoers van leerlinge. Die handboek was en is, in sekere gevalle nog, een van die belangrikste veranderlikes wat 'n rol in die sukseskoers van swart leerlinge gespeel het.

Onderwysers in die algemeen was dit eens dat die tekort aan geskikte handboeke die slaagsyfer in hulle onderskeie vakke belemmer het (Thirion 1987: 149).

Nou is dit ewe interessant dat, volgens onderstaande tabel (vgl. Carstens en Du Plessis 1988: 16) die slaagpersentasie van swart matriekleerlinge, wat matrikulasievystelling verwerf het, sedert 1983 van 9,8% tot 16,5% in 1987 gestyg het.

	Aantal studente	Matriekvystelling	Persentasie
1983	82 449	8 128	9,8
1984	86 191	9 727	11,3
1985	82 815	9 958	12,0
1986	99 715	11 460	13,5
1987	151 232	24 912	16,5

Hoewel baie faktore hiertoe kon bygedra het, is dit ook waar dat handboeke sedert 1983 algaande meer beskikbaar geraak het vir elke leerling. Die rol wat die handboek in die sukseskoers van leerlinge gespeel het, mag dus nie geringgeskat word nie.

In geskiedenisonderrig, waar leerlinge 'n groot aantal feite en die chronologie van gebeure moet bemeester, neem die handboek 'n uiters belangrike plek in. Die losstaande gedeeltes in die onderwyser se verduideliking kry vir hulle eenheidsbetekenis wanneer hulle dit in die handboeke kan volg of lees. Die skets of illustrasie in die handboek verklaar moeilike begrippe wat die logiese aspek vir die leerlinge ophelder en begrip bevorder. Sodoende verstaan die leerlinge die verloop en ineenskakeling van die geskiedkundige gebeure, in samehang met die onderwyser se verduideliking beter. Die handboek bly vir die geskiedenisleerlinge die uiteindelijke bron van kennis aangesien hulle voortdurend daarna kan terugkeer, die struktuur van 'n les kan gaan uiteensit en selfs probleme vir hulle self oplos.

4. DIE TOEKOMS?

In 'n vinnig veranderende tegnokratiese milieu, is

dit seker ook nodig om te besin oor die geskiedenis-handboek in die onderrigleersituasie:

Oor die eienskappe en vereistes van 'n goeie handboek is daar al baie geskryf terwyl die handboekmetode ook deeglik deur didaktici ondersoek is. Die vraag wat nou ontstaan is of dit nie tyd geword het dat daar opnuut na die gebruik van die handboek in die onderrigsituasie gekyk moet word nie sodat die utilisering daarvan tot sy reg kan kom nie.

Die skryf van goeie, didakties-verantwoordbare handboeke verg groot inspanning en navorsing van skrywers, terwyl die voorsiening daarvan aan leerlinge die onderskeie onderwysdepartemente baie geld uit die sak jaag. Dit is daarom nodig dat onderwysers en leerlinge die handboek maksimaal in die onderrigleer en studeersituasie sal gebruik. Dit impliseer onmiddellik dat daar deeglik besin moet word oor, *eerstens*, die vorm en inhoud van die handboek en, *tweedens* die moontlike vernuwing in handboek- of onderrigmetodes om aan te pas by 'n moderne, tegnokratiese onderrig-leersituasie. Sodoende word nuwe uitdagings aan didaktici en onderwysers gestel om die "onmisbare ergernis", nl. die handboek tot sy reg te laat kom en in pas te bly met vernuwing.

3.1 Inhoud en vorm

Wanneer 'n nuwe sillabus ingevoer word, is dit gewoonlik kundige persone wat aangesê word om handboeke daarvolgens te skrywe. Dit word aanvaar dat die skrywer(s) die sillabus so volledig as moontlik in die handboek sal dek en didaktiese beginsels in ag sal neem. Sodra die nuwe handboek verskyn, word dit sy regmatige plek ontnem deurdat dit deels in die voorbereidingsfase gebruik word (want 'n goeie onderwyser moet ander bronne ook raadpleeg), in die tas weggebêre word (want 'n goed voorbereide onderwyser gebruik nie 'n handboek gedurende die lesaanbieding nie), en leerlinge mag nie daarin rondblaai en volg terwyl leerlinge gedwing word om ander goeie bronne en selfstudie in die biblioteek te gaan raadpleeg.

Nou die vraag: waarom *eksperts* vra om *didakties-verantwoordbare* handboeke te skryf, wat die hele leerplan *volledig* sal dek die administrasie finansiële te *belas* deur 'n handboek aan elke leerling te besorg, as die handboek nie maksimaal benut kan of mag word nie?

Dit het miskien nou tyd geword om ook die handboek by die tyd aan te pas en onself die volgende vrae af te vra:

- ★ Moet handboeke nie eerder vir skoolfasies in plaas van standerds voorgeskryf word nie?
- ★ Moet geskiedenis nie vollediger en wyer as die sillabusinhoud in handboeke beskryf word nie?
- ★ Is dit nie raadsaam om leerlinge eerder met twee of drie handboeke soos bv.

Geskiedenis van Suid-Afrika van Van der Walt e.a., toe te rus wat die geskiedenis volledig behandel nie? Dit kan heelwat voordele vir die leerlinge, onderwysers asook skool inhou.

- ★ Moet skrywers nie meer op assosiasie steun deur lettertipes, kleur, illustrasie, prente ens. nie?

Daar kan op hierdie en vele ander vrae antwoorde gesoek word om leerlinge en onderwysers te help om die handboek weer te benut.

3.2 Metodes

Die gebruik van die handboek in die onderrigleersituasie is al tot in die fynste besonderhede nagevors. Om die handboek ten volle te benut, sal aandag ook aan vernuwing van die bestaande metode(s) of heel nuwe metodes gegee moet word.

Daar sal in die onderrigsituasie weg van die "vrees" vir die gebruik van die handboek beweeg moet word om dit weer 'n prominente plek in die lessituasie te gee. Deur gereeld uit die handboek te *werk*, leer leerlinge om na te vors, antwoorde op vrae vrae te soek, leer hy sy geskiedenisboek ken en waar om sekere gebeurtenisse en feite te gaan soek. Algaande sal die handboek 'n werkboek vir die leerlinge word en sal hulle geprikkel word om ook te wil weet wat ander boeke omtrent 'n gebeurtenis sê. Vernuwing in die onderrigmetodes sal breinkrag van navorsers verg en mag uiteindelik nuwe deure vir onderwysers en leerlinge open waardeur die liefde vir die vak bevorder kan word.

4. SLOT

Wanneer die handboek sy regmatige plek in die onderrigleersituasie sonder vooroordele kan inneem, sal dit steeds 'n onmisbare hulpmiddel bly, maar sal dit nooit 'n ergenis vir onderwyser of leerling wees nie.

BIBLIOGRAFIE

1. Assan, T.E.B.: 1986. Teaching Strategies in Accounting Education: A suggested approach, in *Popagano*, 7(3), November 1986, pp. 17-19.
2. Carstens, P.D. & Du Plessis, A.: 1988. *Education and manpower development*. Bloemfontein, U.O.F.S.
3. Dreyer, H.J. & Duminy, P.A.: 1983. *Education 2*. Durban, Maskew Miller Longman.
4. Kapp, P.H.: 1987. An assessment of History textbooks for the secondary school, in *Gister en Vandag/Yesterday and Today*, No 14, September 1987, pp. 1-9.
5. Mwamwenda, T.S. & Mwamwenda, B.B.: 1987. School facilities and pupils' academic achievement, in *Comparative Education*, 23(2), pp. 225-235.
6. Prais, S.J.: 1986. Educating for productivity: comparisons of Japanese and English schooling and vocational preparation, in *Compare*, 16(2), pp. 121-147.
7. Thirion, G.J.: 1987. 'n Ondersoek na 'n geskiedenisonderrigstrategie vir groot klasse in swart onderwys. Ongepubliseerde Ph.D-proefskrif, Bloemfontein, Universiteit Vista.
8. Travers, R.M.W.: 1982. *Essentials of learning*. New York, Macmillan, Publishing Co.
9. Van der Merwe, B.J.: 1982. *ABC vir Geskiedenisonderrig*. Pretoria, Academica.